



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

1 Maart 2019

VERKLARING AAN AANDEELHOUERS VAN BKB BEPERK (“BKB” OF DIE “MAATSKAPPY”) INGEVOLGE ARTIKEL 60(4) VAN DIE MAATSKAPPYWET NO. 71 VAN 2008, SOOS GEWYSIG (“MAATSKAPPYWET”)

Aandeelhouders van BKB word verwys na die kennisgewing van voorlegging van voorgestelde besluite aan aandeelhouders vir aanneming kragtens artikel 60 van die Maatskappywet (“**Artikel 60-kennisgewing**”), ingevolge waarvan aandeelhouders versoek is om sekere spesiale besluite te oorweeg en skriftelik goed te keur.

Daar word hiermee bevestig dat teen 18 Februarie 2019 daar goedkeuring ontvang is van ten minste 75% van die stemme uitgebring ten opsigte van al die spesiale besluite wat in die Artikel 60-kennisgewing ingesluit is, en derhalwe is al die spesiale besluite wat in die Artikel 60-kennisgewing ingesluit is aangeneem deur die vereiste meerderheid van aandeelhouders. Die raad van direkteure van die Maatskappy is dienoreenkomstig gemagtig om die Maatskappy toe te laat om finansiële bystand kragtens artikels 44 en 45 van die Maatskappywet te verleen, en is die Maatskappy en sy filiale gemagtig om kragtens artikel 48 van die Maatskappywet aandele van die Maatskappy terug te koop, soos uiteengesit in die betrokke besluite.

**MEV J OOSTHUIZEN
MAATSKAPPYSEKRETARIS
PORT ELIZABETH
1 MAART 2019**



SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT